


BOIKANYO SOLAR

UITGAWE 2 NUUSBRIEF

2026

VROUE-ENTREPRENEURS ONTVANG STEUN






Ons ondernemingsontwikkelingsinisiatief se All Women-in-Business (AWIB)-program bemagtig steeds plaaslike vroue-entrepreneurs deur die bekendstelling van volhoubare nuwe besighede te ondersteun.

Twee van ons begunstigdes, Juanita Modise van Juanita's Projects en Christolene Klein van Elegant Trading Enterprise, het kapitaalgoedere ontvang om hulle besighede te laat groei. Nadat hulle die nakomings- en evalueringsfase voltooi het sedert hulle in 2023 aangesluit het, het hulle vir staatstoekenningsondersteuning gekwalifiseer.

Die inisiatief, wat ontwerp is om 50 vroue met noodsaaklike besigheidsnakomingsmiddele by te staan, verskaf maatskappyregistrasies, belastingklaring, CSD-registrasie, BSEB-sertifisering, bankrekeninge en sakeplanne. Hierdie hulpbronne sal KMMO's help om kapasiteit uit te brei, inkomste te verhoog en 'n volhoubare toekoms te bou.

BESTEDING AAN EKONOMIESE ONTWIKKELING K1/2026



LEERDERS MET TER-UG-SKOOL-TOE-ONDERS-TEUNING BEMAGTIG

Dit was aangenaam om jong leerders in ses plaaslike laerskole in Douglas in die Noord-Kaap deur middel van die verspreiding van 1 500 splinternuwe skoolsakke en – vir die eerste keer – opvoedkundige storieboeke met noodsaaklike leerhulpbronne te ondersteun. Hierdie ondersteuning help om die leerervaring te verbeter, terwyl dit vanaf 'n vroeë ouderdom 'n kultuur van lees aanmoedig.

"Ons skool is dalk klein, maar ons het 'n groot hart, en ons waardeer elke toewysing wat ons ontvang." - Mnr. Roelf Alex Simon, hoof van Bucklands Laerskool.

'n Plaaslike KMMO in 'n swart vrou se besit was vir die verskaffing van die skoolsakke verantwoordelik en dit het tydelike werksgeleenthede vir drie plaaslike jongmense geskep, om sodoende tot ekonomiese deelname in die gemeenskap by te dra.



KONTAK ONS: ☏ +27 21 670 1400 www.boikanyosolar.co.za lesego.mosiane@eimsafrica.com @BoikanyoCommunity